

Saterdag 2 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-11

Fokusgedeelte: Johannes 3:3, 8; HK, Vraag 8

Wedergeboorte is 'n vereiste om goed te kan doen

Jy moet wedergebore wees om in die koninkryk van God in te gaan. Is jy wedergebore? 'n Ongereformeerde vraag? Ja, en nee. Ja, omdat dit 'n mens mag laat dink dat jou saligheid van jou persoonlik afhanklik is. Nee, omdat Jesus self sê dat jy wedergebore moet wees. Die antwoord op vandag se vraag sê dat wedergeboorte 'n voorvereiste is om goed te doen.

Dat die voorwaarde van wedergeboorte van Jesus self kom, is vir ons 'n troos, omdat ons in lewe en in sterwe aan Hom behoort (Sondag 1:1). Kom, loop saam op hierdie pad!

Wedergeboorte is die werk van die Heilige Gees. Soos die wind “waai” Hy vrymagtig. Ek en jy kan Hom nie keer nie. Verder “waai” Hy altyd in 'n spesifieke rigting, naamlik God se rigting. Hy buig ons om van verdorwenheid na goed doen. Hy maak ons anders, nuut, so goed asof ons opnuut gebore word. Ons kan weer van voor af begin.

Hoe doen die Gees dit? Deur die prediking van die evangelie (1 Pet. 1:23, 25). Die evangelie preek Christus, Jesus Christus aan Wie ons met liggaam en siel behoort en wat met sy kosbare bloed vir al ons sonde betaal het. Hoe meer ons die prediking van Jesus (evangelie) hoor, hoe meer buig die Gees ons om. Soms buig Hy die een meer en die ander dalk ietwat minder. Hy doen dit vrymagtig, maar Hy buig ons altyd in die regte rigting – na God, om goed te kan doen.

Wedergeboorte word gestel as 'n vereiste om in die koninkryk te kom en om iets te doen wat goed is. Dit klink na harde werk. Nee, kom kerk toe! Hoor hoe evangelie gepreek word! Ja, dit is ook harde werk, maar dan deur die Heilige Gees.

Sing: Psalm 87:1, 2, 5 (1936)

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)